

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN


STEL DOELWITTE

Erfopvolging is nie 'n oefening wat onmiddelik tot die letter van die woord uitgevoer kan word nie. Hoewel daar voortdurend op die breëer doelwitte gefokus moet word, moet daar altyd ruimte gelaat word om die fyner besonderhede telkens aan te pas soos wat die aanvanklike doelwitte gewysig word. By die stel van doelwitte moet daar dus sekere besluite geneem word rondom die kritieke aspekte wat in die vorige uitgawe bespreek is. Dit het die eienaarskap, beheer, sekuriteit, huisvesting van die betrokkenes en die kwessie van 'n gelyke of billike verdeling van die boedel behels.

Daar moet sekere punte in ag geneem word by die opstel van doelwitte. Die fokus moet veral wees op die beskikbaarheid van kontant om die erfopvolging deur te kan voer, die skeiding van die betrokkenes se begeertes van hulle behoeftes, die uitvoerbaarheid van die plan en die aanpassing van die plan teen die agtergrond van voortdurende besprekings en konsultasies.

Vermyn die kontanttekort

Die boerdery se wins moet vir verskeie kompeterende belange sorg, soos wat die illustrasie hieronder toon:



Die boerdery kan gewoonlik nie teen normale markwaarde na die volgende geslag oorgedra word nie. Hierdie waarde benadeel die boerende kind se vermoë om al die belange na te kom soos wat in die illustrasie aangetoon word. Daar moet noodwendig dus 'n mate van subsidiëring deur die ouers wees soos 'n lening teen verlaagde of geen rente, verminderde trekkings deur die ouers, of 'n verminderde verkoopprijs. Die vraag wat beantwoord moet word is of die mate van subsidiëring om die erfopvolging moontlik te maak in ooreenstemming met die uiteindelijke doelwitte van die plan is.

Skei die begeertes en behoeftes

Die bereiking van die uiteindelijke doelwitte mag beteken dat die boer en sy kinders se begeertes nie bereik kan word nie. Die boer se begeerte mag wees om sy boedel gelykop tussen al sy kinders (boerend én nie-boerend) te verdeel maar dit sal die lewensvatbaarheid van die boerdery benadeel. Die behoefte dat die boerdery as 'n lopende saak moet voortgaan moet dan eerder as doelwit gestel word. Daarmee saam moet die finansiële behoeftes van die ouers voorkeur bo dié van die kinders geniet. Die ouers se gemak en sekuriteit moet nooit voortydig op risiko geplaas word ter wille van die kinders se erflating nie.

Maak seker die plan is uitvoerbaar

Die erfopvolgingsplan moet uitvoerbaar wees. As die ouer 'n groot bedrag geld as deel van die erfopvolging wil ontvang moet die boerdery dit kan bekostig. Die plan sal nie uitgevoer kan word as daar onuitvoerbare voorwaardes daaraan gekoppel word nie. Die kinders moet die geleentheid gebied word om die erfopvolgingsplan met hulle eie finansierders te bespreek om seker te maak dat die befondsing of die verskaffing sekuriteit haalbaar is.

Beskou die besluite as voorlopig

Die besluite wat op hierdie stadium geneem word en die doelwitte wat gestel word moet as voorlopig beskou word. Soos al telkens in hierdie reeks artikels genoem is, is daar baie emosie rondom die besprekings betrokke en moet daar aan verskeie families se persoonlike en finansiële behoeftes voldoen word. Daarom sal daar telkens nuwe aspekte opduik wat weer bespreek moet word. Voortdurende bespreking en konsultasie is dus onafwendbaar om uiteindelik by 'n finale plan uit te kom.

Die doelwitte wat op hierdie stadium gestel word sal die basis van die onderhandelinge vorm. Dit sal moontlik ook beteken dat dit aanvanklik nie met al die betrokke partye bespreek sal word nie maar uiteindelik sal beide ouers en al die kinders by die finale beplanning betrek moet word.

Spesifieke doelwitte

Spesifieke doelwitte moet nou gestel word ten opsigte van:

- Eienaarskap
- Beheer
- Sekuriteit
- Aanbly op die plaas
- 'n Gelyke of billike verdeling

Hierna kan die beplanningsinstrumente ingespan word om die doelwitte te bereik.